DESEMBER 2007

Landbougrond Bied (Dalk) Vrugbare Geleenthede

Reisversekering : Kyk Weer Na Die Fynskrif

Die Gastehuis Wat Groet ….

Advertensies En Die Gebruik Van Die Volkslied

Sonder ‘N Lisensie Mag Jy Nie Bestuur Nie – Kies Ook Jou Bestuurder Versigtig

Onderhoud Vir Die Oorlewende Gade : Wie Geniet Dekking?

Webwerf Van Die Maand : Maak Jou Vakansiereis Veilig!

Gestig 1962

HONEY
PROKUREURS

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

LANDBOUGROND BIED (DALK) VRUGBARE GELEENTHEDE

Die onderverdeling van landbougrond word al dekades lank streng beheer.
Die doel hiermee is en was om te verhoed dat landbougrond in onekonomiese klein eenhede verdeel word. Voordat onderverdeling goedgekeur kon word, moes die Minister van Landbou ook skriftelik toestemming hiertoe verleen het.

Die Appèlhof het onlangs beslis dat “landbougrond” ‘n dinamiese, eerder as ‘n statiese begrip is. Die grond wat in hierdie spesifieke geval ter sprake was, so word bevind, was nie meer landbougrond vir doeleindes van die spesifieke wetgewing nie.

Die uiters tegniese bevinding berus op die oordrag van grond van die jurisdiksie van ‘n tydelike oorgangsraad na die van ‘n permanente munisipaliteit.

Wat wel die aandag van ontwikkelaars en landbougrondeienaars sal trek, is die bevinding van die Hof dat die Minister se toestemming nie meer nodig is vir onderverdeling nie.

Hierdie beslissing het dadelik spekulasie laat ontstaan dat daar in praktyk nie meer ‘n onderskeid tussen landbougrond aan die een kant, en stedelike en dorpsgrond aan die ander kant, aan te tref is nie. Dit sal meebring dat landbougrond nou vatbaar is vir hersonering en onderverdeling – slegs onderhewig aan die toestemming van die naaste of toepaslike plaaslike owerheid.
Voordat enigiemand oorhaastig optree, wees gewaarsku. Daar is heelwat onsekerhede en onaangeraakte aspekte in die uitspraak en dit is uiteraard gebaseer op ‘n baie spesifieke en beperkte feitestel. Moet dus nie sonder verdere navorsing en professionele advies enige besluite oor die ontwikkeling van landbougrond neem nie. Daar is byvoorbeeld onsekerheid of die uitspraak op alle munisipale areas van toepassing is; daar is ook sprake van ‘n appèl na die Grondwetlike Hof. Op hierdie stadium blyk dit ook dat die landwye Aktekantore uitdruklik geen beleidsveranderinge afgekondig of implementeer het nie.

REISVERSEKERING : KYK WEER NA DIE FYNSKRIF

Of jy jou reise onderneem vir besigheid of vir plesier, onthou om behoorlik reisversekering uit te neem vir reisverliese. Let veral op dekking vir mediese uitgawes en vir noodvervoer uit die buiteland na jou huis toe.

Baie reisigers maak staat op dekking wat outomaties verkry word, wanneer hul kredietkaarte gebruik om vir reiskaartjies te betaal. Hou in gedagte dat dekking beperk is en dat dit nie noodwendig in jou behoeftes gaan voldoen nie.

Selfs waar jy van voorneme is om die opsionele uitbreiding van dekking te neem, is dit raadsaam dat jy ‘n afskrif van die polis van die kredietkaartmaatskappy verkry. Gaan die fynskrif dan na. Die meeste polisse is in elk geval maklik verkrygbaar op die maatskappy se webwerf. Kyk goed na die skedules aan die einde van die ooreenkoms. Wees ook op die uitkyk vir spesiale voorwaardes en uitsluitings onder “special conditions” en “exclusions”.

Moet jou nie op opsommings en verkorte weergawes van polisse verlaat nie.

Vind uit wanneer die mediese dekking wegval (gewoonlik wanneer jy weer in Suid Afrika aanland). Kry ook duidelikheid oor hoe eise ingedien moet word en hoe dit hanteer sal word wanneer jy in die buiteland is.

Dit verg navorsing van jou kant af, maar dit behoort deur en deur die moeite werd te wees. Jy gaan gebonde gehou word aan die terme van die versekeringsooreenkoms of jy dit lees of nie. Onvoorsiene mediese onkostes en vervoerkostes, wat volg op ‘n ongeluk of insident in die buiteland, kan in ‘n finansiële ramp ontaard indien jy nie voldoende dekking in plek het nie.

DIE GASTEHUIS WAT GROET ….

Die Hooggeregshof het vroeër vanjaar die eienaar van ‘n gastehuis opdrag gegee om een van die geboue op sy grond af te breek en ‘n ander gebou gedeeltelik af te breek. Die bevel het gevolg na ‘n aansoek van ‘n verontriefde buurman. Verdere aansoeke van die eienaar om die bevel op appèl te neem (eers na die Appèlhof en daarna na die Grondwetlike Hof) was onsuksesvol.

Die eienaar het nou twee maande om die sloping af te handel.

Die Howe het die diskresie om die betaling van skadevergoeding te beveel, eerder as om ‘n slopingsbevel te gee. Die Hof bevind egter dat die partye nie voortaan hulle privaatheid as bure sal kan geniet, tensy die geboue afgebreek word nie.

Die Hof bevind verder dat die titelakte van die grond voorskriftelik is en dat die grond daarvolgens slegs vir ‘n enkele woning vir die huisvesting van ‘n enkele gesin uitsluitlik vir residensiële doeleindes aangewend mag word. Gevolglik kan enige sogenaamde toestemming van die munisipale owerheid wat die oprigting van geboue in stryd hiermee goedkeur, nie regmatig gegee word nie.

Selfs waar die munisipaliteit bouwerk goedkeur, of versuim om op te tree as daar in in stryd met titelaktes of voorskrifte gebou word, bly jy op risiko. Dit mag toevallig wees, maar munisipaliteite regoor die land dui aan dat hulle onwettige strukture gaan afbreek en ook oortreders gaan vervolg.

So, moet eerder nie begin bou voordat jou bouplanne deur die plaaslike owerheid goedgekeur is nie en hou jou by die voorskrifte van jou titelakte.

ADVERTENSIES EN DIE GEBRUIK VAN DIE VOLKSLIED

In totalitêre lande kan ‘n grappende verwysing na die volkslied jou dalk in die moeilikheid laat beland by die veiligheidspolisie.

Die Gesagsliggaam vir Suid Afrikaanse Advertensie Standaarde se houding is meer toegeeflik. Hulle het onlangs bevind dat grappende verwysings na die volkslied toelaatbaar is, solank as wat “....it is not mocked or belittled in any way and nothing derogatory or harmful is said about it or about South Africa”.

Die Gesagsliggaam bevind daar is niks fout met ‘n radio advertensie waarin ‘n singende stem oor die adverteerder sing nie, al word dit gesing op die melodie van die Suid Afrikaanse Volkslied. Die boodskap van die advertensie is dat jy nie al die woorde hoef te ken ten einde vinnige en betroubare internet toegang teen die beste prys te verkry nie.

Hier sal mens altyd versigtig moet wees. Dit blyk dat die gesagsliggaam gelukkig in ag geneem het dat daar slegs drie klagtes teen die advertensie veldtog ingebring is. Hieruit maak hulle die afleiding dat die advertensie nie werklik voor die voet aanstoot gee nie.

SONDER ‘N LISENSIE MAG JY NIE BESTUUR NIE – KIES OOK JOU BESTUURDER VERSIGTIG

Moet tog nie iemand toelaat om jou voertuig te bestuur, indien daar enige twyfel bestaan of die bestuurder met die vereiste sorgsaamheid sal bestuur nie.

Die Appèlhof het onlangs bevind dat die vader van ‘n sestienjarige seun gedeeltelik aanspreeklik gehou moet word vir die betaling van skadevergoeding.

Die skade is veroorsaak deur sy seun wat nalatig bestuur het. Die seun het sy vriende vir ‘n rit in die plaasbakkie geneem. Hierna het hy op ‘n openbare pad gery en voortgegaan om sy waaghalsige bestuursvernuf te vertoon. Een van die passasiers is ernstig beseer toe hy uit die voertuig gegooi is. Die Hof bevind dat die vader self vir die skade aanspreeklik gehou moet word. Die bevinding rus daarop dat hy sy seun onbelemmerde toegang tot die voertuig gegee het, in omstandighede waar die seun nog nie volwasse genoeg was en ook nie die nodige oordeel aan die dag kon lê, om nie te swig voor groepsdruk om die voertuig op gevaarlike wyse te bestuur nie.

Die vader se versekeraars sou ook sekerlik sy eis afgewys het, aangesien die seun nog nie ‘n geldige rybewys gehad het of kon gehad het nie.

Volgende keer wanneer jou kind jou vra of hulle die motor kan leen, hou in gedagte dat afgesien van jou kind en sy passasiers se veiligheid, kan daar ook vir jou persoonlik groot finansiële implikasies in jou antwoord lê.

ONDERHOUD VIR DIE OORLEWENDE GADE : WIE GENIET DEKKING?

Wanneer ‘n gade tot sterwe kom, geniet die oorlewende gade in beginsel ‘n aanspraak op onderhoud teen die oorledene se boedel.
Ons howe het voorheen beslis dat hierdie wetgewing ook voorsiening maak vir ‘n gade wat in ‘n monogame Moslem huwelik getroud is, asook die oorlewende lewensmaat van partye wat ‘n uitsluitlike siviele saamwoonverhouding aangegaan het.
Die Hooggeregshof het ook nou beslis dat die definisie ook voorsiening maak vir die oorlewende gade van partye wat in ‘n gewoonteregtelike huwelik getroud is.
Die Hof bevind dat die gewoonteregtelike huwelik geldig was, al was die huwelik nie volgens die voorgeskrewe wetgewing binne twaalf maande van sluiting, amptelik geregistreer nie. Uiteraard maak dit sin om die gewoonteregtelike huwelik wel volgens voorskrif en in die toegelate tydsbestek te laat registreer. ‘n Amptelike huweliksertifikaat gaan dit net soveel makliker maak om die bestaan van die huwelik te bewys.

WEBWERF VAN DIE MAAND : MAAK JOU VAKANSIEREIS VEILIG!

Elke uur sterf ‘n persoon in Suid Afrika in ‘n voertuigbotsing!
Moet nie deel van die statistieke raak nie. Bereik jou vakansiebestemming veilig en sonder stres. Bereik jou huis na jou jaareindfunksie sonder ‘n onaangename besoek aan die plaaslike polisiekantoor. Kyk gerus na die Arrive Alive webwerf http://www.arrivealive.co.za. vir gesonde advies in hierdie verband.
Daar is ‘n magdom van inligting te vinde oor padveiligheid, padroetes en hoe om in hierdie feesseisoen die meeste te maak van jou tyd op die paaie.
Onder andere, bied die webwerf advies oor : -

- Behoorlike beplanning van jou reis
- Veilige bestuurstegnieke
- Padwoede
- In geval van Nood
- In geval van ‘n Ongeluk
- Passassiersveiligheid
- Die gevare van dronkbestuur
- (en vele ander …..)

Daar is ook verdere skakels na ander bruikbare en interessante webwerwe te vinde.

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:
George de Beer *george@honeyattorneys.co.za*
Nic Barnaschone *nic@honeyattorneys.co.za*
Christo Potgieter *christo@honeyattorneys.co.za*

Kommersiële Afdeling:
Johan Vermeulen *johan@honeyattorneys.co.za*

Eiendom & Aktes Afdeling
Jacques du Toit *jacques@honeyattorneys.co.za*
Danie de Villiers *danie@honeyattorneys.co.za*
Charles Koegelenberg *charlesK@honeyattorneys.co.za*
Bronwyn Brink *bronwyn@honeyattorneys.co.za*

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600
Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452